

TIMBILA WILDRESERVAAT

Timbila beteken “Ritme van die Aarde” en dit sal jy hier op die walle van die Groot Rivier in jou siel ervaar.

Totale privaatheid is verseker – of jy nou in een van die tent boskampe of in die plaashuis tuisgaan. Al die akkommodasie is volledig toegeruste selfsorgeenhede met braai fasiliteite, kombuistoebehore en beddegoed.

Timbila Kamp – Slaap 12 Gaste

Die kamp is geleë op die walle van die Groot Rivier. Hier kan jy letterlik visvang vanaf jou dek of duik in die rivier op ‘n warm somersdag. ‘n Groot braai- en onderdak kombuisarea is geleë tussen die twee hoofte. ‘n Aparte badkamer is voorsien vir die 4 losstaande boogte.

Timbila Kamp bestaan uit:

2 x Luukse en-suite (stort, wasbak en toilet) safari tente - elk met ‘n dubbelbed asook ‘n eie onderdak patio met ‘n pragtige uitsig op die rivier en berge.
4 x boogte (3 x 3) met 2 enkelbeddens in elk.

Minimum tarief R1 400 per nag (sluit eerste 4 gaste in)
R 300 p.p.p.n. vir addisionele gaste
R 150 per nag vir kinders onder 12 jaar

Mahlangeni Kamp – Slaap 6 gaste

Die kamp is geleë op die walle van die Groot Rivier met ‘n groot braai en kombuis area in die middel van ‘n houtdek. Die dek akkommodeer ook die tente en ‘n gemeenskaplike badkamer.

Mahlangeni Kamp bestaan uit:

1 x Boogtent met ‘n dubbelbed.
2 x Boogte met $n \frac{3}{4}$ en ‘n enkelbed in elk.

Minimum tarief R 700 per nag (sluit eerste 2 persone in)
R 300 p.p.p.n. vir addisionele gaste
R 150 per nag vir kinders onder 12 jaar

Nyala Kamp – Slaap 6 gaste

Die kamp is geleë op die walle van die Groot rivier met n groot braai area onder die bome.

Nyala Kamp bestaan uit :

Luukse en-suite (stort, wasbak en toilet) kliphuisie met ‘n dubbelbed.
2 x Boogtente met 2 enkel beddens in elk.
Gemeenskaplike onderdak kombuis.

Minimum fooi R 700 per nag (sluit eerste 2 gaste in)
R 300 p.p.p.n vir addisionele gaste
R 150 per nag vir kinders onder 12 jaar

Plaashuis – Slaap 6 gaste

Die plaashuis verseker ‘n pragtige uitsig oor die veld en berge. Die huis is knus en gerieflik met binne sowel as buite braaigeriewe en DSTV. Selsorg.

Die Plaashuis bestaan uit :

1 Slaapkamer met dubbelbed.
2 Slaapkamers elk met twee enkelbeddens.
Badmaker met wasbak, bad, toilet en stort.
Oopplan kombuis, sitkamer en eetkamer

Minimum fooi R 1400 per nag (sluit 4 gaste in)
R 250 p.p.p.n vir addisionele gaste
R 150 per nag vir kinders onder 12 jaar

Kampering

Die kampeerplekke beskik oor 220v kragpunte, lopende water en baie skadu bome of blou lug (in die winter). 'n Gemeenskaplike kombuis en ablusie geriewe maak jou kampering 'n plesier.

Tariewe
R100 per voertuig per dag (wat jou toelaat om op jou eie wildritte te doen)
R150 p.p.pn.
R 75 per nag vir kinders onder 12 (kleuters gratis)

Let wel:

'n Deposito van 50% is betaalbaar binne 4 werksdae vanaf bespreking ten einde die bespreking te bevestig.

Terugbetaling van deposito werk soos volg:

- 8 weke of langer voor datum; 80% van deposito
- 2 tot 8 weke voor datum; 10% per vol week kennisgewing van kansellasië.
- 2 weke of korter voor datum; 0% van deposito

Indien u verblyf 'n Vrydag of Saterdagdag insluit, word vereis dat u 'n minimum van 2 nagte vertoef. Ons verskaf hout teen 'n billike prys. **Jagters/Kuiergaste mag nie self hout in die veld bymekaar maak nie.** Ongelukkig word geen 4-wiel motorfietse of veldfietse toegelaat nie. Ons vra dat u na **14h00 sal arriveer. Uitboektyd is voor 11h00**, behalwe indien anders gereël.

Ons bankbesonderhede is soos volg:

FNB George

Takkode: 210114

Rekeningnommer: 62256444078

Rekeninghouer: THG Travelling

Verwysing : **Naam waaronder bespreking gemaak is.** (Dit is belangrik aangesien betaling slegs erken kan word indien u naam duidelik verskyn op die betalingbewys)

E-pos die bewys van oorbetalings na info@timbila.co.za

Vir meer inligting kontak Francois Wepenaar by 0845557770.

Ons verskaf gratis hout vir die eerste vuur. Addisionele hout is egter te koop by ontvangs. Ons sien uit daarna om hierdie stukkie paradys met u te deel !